

Met 'n skemerkelkie op die stoepbank terwyl die son sak - dís romanties.
Trek jou bank oor met dié rooskleurige oortreksel en sit saam met jou
geliefde in die maanlig. Deur Linda van der Spuy



foto Ariadne/VNU Sindikaste

Opsit soos van

MATE

Oortreksel geskik vir 'n houtbank wat 120 cm breed is.
40 X 40 cm-kussings

BENODIGDHEDE

Oortreksel

- 1,35 m rooskleurige materiaal (137 cm breed)
1,35 m donkerrooi materiaal (137 cm breed)
1,35 m donkerrooi stewige katoenmateriaal (140 cm breed)
120 X 135 cm dun laag spons/dun duvetvulsel/3 iae opstoppel (*batting*)
patroontekenaar

Kussings

- 0,45 cm rooskleurige materiaal (140 cm breed) vir elke kussing
0,45 cm grys materiaal (140 cm breed)
kussingopstoppel vir elke kussing

OORTREKSEL

Aanwysings

Patroon

1. Teken 'n patroon van die diagram af volgens ware grootte (mate is in cm).
2. Knip patroon uit en vergelyk dit met jou eie bank en pas die mate daarvolgens aan.

Knipwerk

1. Knip die patroon uit op die vou van die stewige katoenmateriaal vir die agterkant van die oortreksel met 'n 1 cm-naattoelating.
2. Knip net so die patroon op die vou van die spons, sonder die naattoelating.
3. Knip hierna die middelbaan en sybaan los van die patroon.
4. Knip die sitplek- en rugleuninglap 2 keer uit die rooskleurige materiaal met 'n 1 cm-naattoelating.
5. Knip die middelbaan uit op die vou van die donkerrooi materiaal met 'n 1 cm-naattoelating.
6. Knip die sybaan 2 keer uit die donkerrooi materiaal met 'n 1 cm-naattoelating, waarvan een die spieëlbeeld is van die ander.
7. Knip die knoopbandjies uit die donkerrooi materiaal. Knip 3 stoke van 6 X 42 cm vir die onderste sitplekgedeelte en 8 stoke van 5 X 32 cm vir die kante van die oortreksel.

TUSSENLAAG

1. Ryg die spons vas aan die verkeerde kant van die katoen-agterkant en verwerk die agterkant voorts as een stuk.


KNOOPBANDJES

(Met dié bandjies word die oortreksel aan die bank vasgemaak.)

1. Stik die knoopbandjies, regte kante opmekaar, met 'n $\frac{1}{2}$ cm-naat vas en stik ook een punt toe. Dop bandjies uit.
2. Werk die oop punte toe met die hand deur 'n soompie in te vou.
3. Stik die middel van die lang bandjies (gebruik net 2) vas aan die onderkant van die katoenagterkant (* merke, soos aangedui op die patroon).

Vaswerk

1. Stik die middelbaan tussen die 2 sitplek- en rugleuninglappe vas en die 2 sylappe weerskante daarvan.
2. Plaas 2 keer 2 van die kort bandjies opmekaar en stik weerskante van die sitplekdeel vas (●-merke aangedui op die patroon). Herhaal



met die orige bandjies en ●-merke op die patroon.

3. Stik die voor- en agterkantlappes, regte kante opmekaar, vas. Stik die knoopbandjies saam en laat 'n ruimte oop in die middel van die agterkantrugleuning. Werk die derde lang bandjie vas in die middel onder aan die katoenagterkant van die sitplek soos in stap 3.(merke)
4. Knip die nate in die hoeke skuins en keer die oortreksel uit. Werk die oopnaat op die agterkant toe deur 'n soomple in te vou.
5. Stik die oortreksel $\pm 1\frac{1}{2}$ cm van die kant af met groot steke deur.

KUSSINGS

Aanwysings

Knipwerk

1. Knip 'n 42 X 42 cm-vierkant (voorkant) en 2 stukke van 27 X 42 cm (agterkant) uit vir elke kussing.

Vaswerk

1. Stik 'n 3 cm-soom met 'n 1 cm-vou in een lang kant van die agterkant.
2. Maak 'n knoopsgat in die middel van die soomgedeelte, $1\frac{1}{2}$ cm vanaf die voukant. Stik 'n 2 cm-soom met 'n 1 cm-vou in die ander agterkant se lang kant.
3. Plaas die 2 agterkantdele oormekaar sodat dit 'n 42 X 42 cm-kussing maak. Hou die agterkant met die knoopsgat bo.
4. Stik die voor- en agterkant - regte kante opmekaar - vas, en keer uit.
5. Werk die knoop aan en stop met die kussingopstoppsel. ☐